**Sondag 1 Januarie**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4-6**
**Die weg van ons verlossing gee sekerheid**

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings en nuwe verwagtinge. Ons lewenspad sal in hierdie jaar die gewone opdraandes en afdraandes hê, terwyl ons verras sal word met draaie wat ons na nuwe mylpale lei. Te midde van al die veranderings wat in 'n nuwe jaar voorlê, kan elke gelowige sekerheid hê van die verlossing wat ons deur die verdienste van Christus ontvang het. Dit is 'n sekerheid wat aan ons hoop en moed vir die toekoms gee.

Ons geloof en die sekerheid van ons geloof verdiep wanneer ons die wonderbaarlike manier sien hoe die Here hierdie verlossing aan sy kinders gee. Ons kan sê die Here gee die verlossing langs 'n bepaalde weg aan sy kinders – 'n weg wat ons ook die heilsorde noem. Die hoofmomente van hierdie orde kan ons in een sin saamvat: *Die wat God uitkies, roep Hy, dan glo hulle dat Hy hulle regverdig gemaak het en bekeer hulle en maak God hulle heilig.* Die hoofsaak is egter dat dit die Here is wat hierdie dinge vir en in sy uitverkore kinders werk.

In Efesiërs 2 beskryf Paulus aan die gemeente die wonderlike posisie waarin hulle verkeer. Hulle was dood as gevolg van hulle sondes, maar nou is hulle lewend gemaak. Dit alles berus op die genade wat hy in Christus aan sy kerk gegee het. Die wete dat hulle lewend gemaak is, het ook wonderlike gevolge vir hulle, naamlik dat hulle saam met Christus opgewek is uit die dood van die sonde en dat hulle in heerlikheid saam met Hom in die hemele sal wees. Dit is die heerlike vooruitsig van hulle wat dood was, maar wat nou lewend gemaak is om eindelik saam met Christus verheerlik te word.

Ons weet nie wat in hierdie jaar voor ons lê en watter uitdagings, beproewings en vreugdes oor ons lewenspad sal kom nie. Ons weet egter met sekerheid dat ons deur Christus verloste kinders van ons Vader is wat op pad is om in sy heerlikheid te deel.

*Sing: Psalm 33-1:1, 11*

*Dr. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*